AFRIKAANS

DIE PUBLIEK SE GIDS

#RSABUDGET2026

'n Gesamentlike publikasie tussen die Nasionale Tesourie en die Suid-Afrikaanse Inkomstediens

#RSA Budget | #RSABudget2026

UITGEREIK DEUR

national treasury
Department: National Treasury
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

Tel.: (012) 315 5100
Media@treasury.gov.za
www.treasury.gov.za

INLIGTING

**WAT IS DIE BEGROTING?**

Die Finansiesminister maak voor die begin van elke boekjaar die nasionale begroting vir die regering se bestedings-, belasting- en leningsplanne vir die volgende 3 jaar bekend. Die nasionale begroting verdeel geld tussen nasionale departemente, provinsies en munisipaliteite.

**HOE WORD DIE BEGROTING OPGESTEL?**

1. Departementele riglyne wat begrotingsinligtingvereistes aandui, word uitgereik
2. Departemente prioritiseer hul programme en stel bestedingsplanne en diensleweringsverbintenisse op
3. Begrotingsvoorstelle word by die Nasionale Tesourie ingedien en oorweeg
4. Toedelingsvoorstelle word deur tussendepartementele komitees van Direkteurs-generaal oorweeg
5. Begrotingsaanbevelings word aan die Ministerskomitee gemaak
6. Mediumtermyn-begrotingsbeleidsverklaring kondig die komende begroting aan
7. Finale toedelings word deur die Kabinet gemaak
8. Begrotingsdokumente word voorberei
9. Hoofbegroting word ter tafel gelê
10. Die Parlement oorweeg en aanvaar 'n Begroting
11. Begroting word aan die President gestuur om dit 'n wet te maak



# MOEILIKE KEUSES LEWER RESULTATE VIR DIE EKONOMIE

**Die 2026 Begroting toon dat die moeilike fiskale besluite wat oor die afgelope paar jaar deur die regering geneem is, uiteindelik lonend is. Die ekonomie het, selfs in 'n moeilike globale ekonomiese omgewing, lewenskragtig gebly, met die ekonomiese vooruitsig wat matige wins en groter geleenthede om belegging te bespoedig, toon.**

Die regering bly daartoe verbind om die gesondheid van die staat se finansies te herstel. Daar word verwag dat regeringskuld as 'n deel van ekonomiese uitset in die huidige begrotingsjaar sy toppunt sal bereik en oor die volgende paar jaar sal afneem. Dis 'n belangrike wendingspunt, want leningsdienskoste as 'n deel van inkomste verminder namate skuld verminder. Laer leningsdienskoste, tesame met verbeterde inflasievooruitsig na die besluit om die inflasieteiken tot 3 persent te verminder, sal privaatbelegging en werkskepping verhoog.

Die regering het fiskale beleid met die primêre begrotingsurplus oor die volgende 3 jaar veranker. Regeringskuld sal, met die voortgesette verhoging van die surplus oor die komende jare, op 'n volhoubare pad wees. Die R20 miljard in belastingverhogings wat vir die 2026 Begroting aangekondig is, is onttrek, gegewe dat die regering steeds verwag om sy fiskale teikens oor die mediumtermyn na te kom.

Daar word beraam dat die ekonomie in 2025 met 1,4 persent gegroei het, op van 0,5 persent in 2024. Daar is, met vier agtereenvolgende kwartale van positiewe groei, werklike optimisme oor die groeivooruitsigte. Meer betroubare energie, verbeterde logistiek, sterker staatsfinansies en laer leningskostes dra by tot die meer rooskleurige vooruitsig.

Alhoewel die ekonomie lewensvatbaar gebly het, moet Suid-Afrika na plaaslike aandrywers kyk om die ekonomie te versterk. Om dit reg te stel, fokus die regering daarop om munisipaliteite en maatskappye in die staat se besit beter te laat funksioneer. Hoë werkloosheid bly die belangrike uitdaging vir alle Suid-Afrikaners en die stappe wat die regering in die 2026 Begroting neem sal help om werke te skep. Die boodskap van die 2026 begroting is duidelik: Die fondasie word sterker. Die regering maak die ekonomie sterker vir alle Suid-Afrikaners deur by 'n verantwoordelike plan te hou.

> "Laer leningsdienskoste, tesame met verbeterde inflasievooruitsig... **sal privaatbelegging en werkskepping verhoog**"

# VERMINDER DIE KOSTE VAN REGERINGS-LENINGS




**Wanneer besteding inkomste oorskry, het die regering 'n tekort en leen die verskil. Die rente op regeringskuld het vinniger as die ekonomie gestyg en neem nou 'n groter gedeelte van die begroting as basiese onderwys, gesondheid of maatskaplike beskerming.**

Die regering het stappe geneem om dit om te draai en te verseker dat skuld onder beheer is. Skuld as 'n gedeelte van ekonomiese uitset sal dié jaar sy hoogste punt bereik en dan begin afneem. Die hoofbegrotingstekort was ten tyde van die 2025 Begroting R12,4 miljard laer as voorspel as gevolg van sterk fiskale uitkomstes vir die eerste 10 maande van 2025/26.

Leningsdienskostes sal vir die eerste keer dié dekade stadiger as algehele besteding groei. Daar word verwag dat die terugbetaling van skuld en die rente daarop oor die volgende 3 jaar R21 miljard laer as die beraamde 2025 Mediumtermynbegrotingsbeleidsverklaring (MTBBV) gaan wees.

Die regering oorweeg maniere om 'n herhaling van die vinnige opbouing van skuld wat na 2009 plaasgevind het te vermy en sal veranderinge aan die wet voorstel om dit moontlik te maak. Die vooruitsig vir Suid-Afrika verbeter, met die land se ekonomie wat effe beter groei en die prys van goedere wat teen 'n stadiger koers verhoog, en die vooruitsig vertoon as kredietaanslagopgraderings en laer lenerykoste. Dit laat die regering toe om die finansiële ruimte te hê om sy voorsiening van maatskaplike dienste soos gesondheid, onderwys, skuiling, en ander sosio-ekonomiese regte in ooreenstemming met die Grondwet voort te sit.

Sonder stabiele of afnemende skuldvlakke sou leningsdienskoste steeds 'n groter gedeelte van beskikbare hulpbronne verbruik, wat belegging en produktiewe hoedanigheid en lewenstandaarde belemmer.

## 2026 BEGROTINGS-HOOGTEPUNTE

1. Die maatskaplike loon — waaronder onderwys-, vaardigheidsontwikkelings- en openbare indiensnamebesteding, die verskaffing van behuising, openbare vervoer en gratis basiese dienste en gesondheidsorg— sal 'n gemiddeld van 60 persent van nie-rentebesteding oor die mediumtermyn uitmaak.
2. Ekonomiese ontwikkeling is die vinnigste ontwikkelende funksie teen 'n jaarlikse gemiddeld van 5,2 persent, aangedryf deur hoër infrastruktuurtoedelings.
3. Regeringskuld sal in 2025/26 teen 78,9 persent van die BBP stabiliseer.
4. Werklike BBP-groei van 1,6 persent word vir 2026 beraam, wat in 2028 met 2 persent styg.
5. R41 miljard is in 2026/27 aan die Presidensiële Indiensnameprogram toegedeel.
6. Die R20 miljard belastingverhoging wat voorheen in die 2026-begroting ingesluit is, is onttrek.

**Sien volgende bladsy →**

## HERVORMINGS OM PROVINSIES EN MUNISIPALITEITE BETER TE LAAT WERK



**Die 2026 Begroting stel belangrike veranderings bekend om provinsies en munisipaliteite se bedrywighede en finansiële bestuur te verbeter. Die doelwit is om te verseker dat geld behoorlik gebruik word om dienste aan gemeenskappe te lewer.**

Baie munisipaliteite sukkel en geld bereik nie altyd die dienste wat jy gebruik nie. Die regering tree meer direk in om dit reg te stel. 63 persent (162) van munisipaliteite ervaar finansiële nood en baie provinsies sukkel om vergoedingskostes en diensleweringsuitsette te balanseer. Die nasionale regering beweeg nou van toesig na aktiewe ingryping.

Dié verskuiwing op munisipale vlak behels veranderings aan wetgewing en bestuursooreenkomste. Die regering pas streng dissipline toe in provinsies aangaande aanstellings en salarisbetalings. Dié maatreëls behels die sentralisering van die regeringsfunksies aangaande menslike hulpbronne, die betaallys en administrasiestelsel, die uitvoer van werknemersverifikasie deur identifikasiestelsels en om van provinsiale tesouriers en premierskantore te vereis om die vul van alle poste teen bewysde werwingsplanne en beskikbare befondsing, goed te keur. Dié hervormings beweeg die stelsel saam na 'n stelsel wat meer bekwaam, gedissiplineerd en prestasie-aangedrewe is om beter dienste te lewer.

## VERWYDER WERKSKEPPINGS-EN EKONOMIESE GROEIHINDERNISSE



**Vinniger groei en werke benodig betroubare elektrisiteit, doeltreffende spoorweë en hawens, en stabiele watertoevoer.**

Onlangse begrotingspublikasies het die vordering op energie - en logistiekhervormings en die hernude fokus op watersekerheid en infrastruktuurlewering, beklemtoon. Beurtkrag is meestal afwesig, spoorvrag- en hawebedrywighede het gestabiliseer.

Suid-Afrika se groei hang ook af van die verwydering van hindernisse betreffende spoorvrag en hawens.

Watersekerheid het die hervormingsagenda laat versnel. Daar is 'n behoefte daaraan om verouderde waterinfrastruktuur te onderhou en op te gradeer, bestuur in waterrade te verbeter en toevoer uit te brei.

## 1 REGERINGSINKOMSTEBRONNE IN 2026/27

| | | |
|---|---|---|
| R 2 160.3mjd. | 80.9% | BELASTING |
| R 324.3mjd. | 12.2% | LENING |
| R 185.1mjd. | 6.9% | NIE-BELASTINGINKOMSTE |

## 2 REGERINGSBESTEDING IN 2026/27

| | | |
|---|---|---|
| R 446.6mjd. | 16.7% | MAATSKAPLIKE ONTWIKKELING |
| R 432.4mjd. | 16.2% | LENINGSDIENSKOSTE |
| R 358.6mjd . | 13.4% | BASIESE ONDERWYS |
| R 294.3mjd. | 11.0% | GEMEENSKAPS-ONTWIKKELING |
| R 310.4mjd. | 11.6% | GESONDHEID |
| R 283.9mjd. | 10.6% | EKONOMIESE ONTWIKKELING |
| R 274.6mjd. | 10.3% | VREDE EN VEILIGHEID |
| R 155.8mjd. | 5.8% | NASKOOLSE ONDERRIG EN OPLEIDING |

## 3 MAATSKAPLIKE TOELAE

| | 2025/26 | 2026/27 |
|---|---|---|
| OUDERDOMSTOELAAG | R2 315 | R2 400 |
| OORLOGVETERAANTOELAAG | R2 335 | R2 420 |
| ONGESKIKTHEIDSTOELAAG | R2 315 | R2 400 |
| PLEEGSORGTOELAAG | R1 250 | R1 295 |
| SORGAFHANKLIKHEIDSTOELAAG | R2 315 | R2 400 |
| KINDERONDERHOUDSTOELAAG | R560 | R580 |
| OPPASSERSTOELAAG | R560 | R580 |

**18 miljoen**
mense sal teen Maart 2029 maatskaplike toelae ontvang

*Die Begroting sal die waardes van permanente toelae bo inflasie verhoog.*

## 4 DIE BEGROTING ONDERSTEUN EKONOMIESE GROEI, WERKSKEPPING EN MAATSKAPLIKE ONTWIKKELING

**1.6 persent**
werklike BBP-groei word in 2026 verwag.

**60 persent**
van die regeringsbesteding word oor die mediumtermyn vir gemeenskapsontwikkeling, werke, gesondheid, onderwys en maatskaplike beskerming toegeken.

**R4.1 miljard**
bykomende befondsing word aan die Presidensiële Indiensnameprogram toegeken.


**R930 miljard**
word oor die volgende 3 jaar vir basiese dienste, behuising, openbare vervoer, ruimtelike transformasie en stedelike ontwikkeling toegeken.

**R893.6 miljard**
oor die volgende 3 jaar vir vervaardiging, klein ondernemings en staatsindiensnameprogramme om ekonomiese groei en indiensname te stimuleer.

## 5 NASIONALE SKEMA VIR FINANSIËLE BYSTAND VIR STUDENTE

**R54.3 miljard**
sal in 2026/27 deur die Nasionale Skema vir Finansiële Bystand vir Studente bestee word.

## 6 LENINGSDIENSKOSTE AS 'N PERSENTASIE VAN INKOMSTE



# 2026 BELASTINGSVOORSTELLE

SARS At Your Service

## PERSOONLIKE INKOMSTEBELASTING

### HOE RAAK DIE PERSOONLIKE INKOMSTEBELASTINGKOERSE JOU?

Persoonlike inkomstebelastingkategorieë en –kortings word vir die uitwerking van inflasie aangepas. Die bedrag wat 'n individu kan verdien voordat daar vereis word dat belasting vir die belastingjaar van 1 Maart 2026 tot 28 Februarie 2027 betaal word, is soos volg:

| BELASTINGDREMPELS | BELASTINGJAAR: 2026/27 |
|---|---|
| Onder 65 jaar oud | R99 000 |
| 65 tot 74 jaar oud | R153 250 |
| 75 jaar en ouer | R171 300 |

Die belastingkortings vir individuele belastingbetalers is soos volg:

| BELASTINGKORTINGS | BELASTINGJAAR: 2026/27 |
|---|---|
| Primêr (alle individue) | R17 820 |
| Sekondêr (65 jaar en ouer) | R9 765 |
| Tersiêr (75 jaar en ouer) | R3 249 |

## GESONDHEIDSBELASTING

### VERHOGINGS IN ALKOHOL- EN TABAKAKSYNS

Spesifieke aksynsbelasting op alkoholiese drank en tabakprodukte sal vanaf 25 Februarie 2026 met 3,4 persent verhoog.

| | VERHOOG MET: |
|---|---|
| Moutbier | 8c per 340ml blikkie |
| Ongefortifiseerde wyn | 15c per 750ml bottel |
| Gefortifiseerde wyn | 26c per 750ml bottel |
| Vonkelwyn | 49c per 750ml bottel |
| Appelbier en alkoholiese vrugtedrankies | 8c per 340ml blikkie |
| Spiritualieë | R3.20 per 750ml bottel |
| Sigarette | 77c per pakkie van 20 |
| Verhitte tabakproduktstokkies | 58c per pakkie van 20 |
| Sigarettabak | 87c per 50g |
| Pyptabak | 28c per 25g |
| Sigare | R4.56 per 23g |
| Nikotien- en nie-nikotienoplossing vir elektroniese leweringstelsels | 11c per ml |




## BELASTINGKOERSE

### INKOMSTEBELASTING: INDIVIDUE

Belasting betaalbaar deur individue vir die belastingjaar geëindig tussen 1 Maart 2026 en 28 Februarie 2027

| Belasbare inkomste (R) | Belastingkoers (R) |
|---|---|
| R0 - R245 100 | 18% van belasbare inkomste |
| R245 101 - R383 100 | R44 118 + 26% van belasbare inkomste bo R245 100 |
| R383 101 - R530 200 | R79 998 + 31% van belasbare inkomste bo R383 100 |
| R530 201 - R695 800 | R125 599 + 36% van belasbare inkomste bo R530 200 |
| R695 801 - R887 000 | R185 215 + 39% van belasbare inkomste bo R695 800 |
| R887 001 - R1 878 600 | R259 783 + 41% van belasbare inkomste bo R887 000 |
| R1 878 601 en hoër | R666 339 + 45% van belasbare inkomste bo R1 878 600 |

*Bron: Nasionale Tesourier*

### BELASTINGBEPERKINGS

Sekere belastingbeperkings word met ingang van 1 Maart 2026 aangepas.

| | Vorige beperking | Aangepaste beperking |
|---|---|---|
| Jaarlikse bydrae tot belastingvrye belegging | R36 000 | R46 000 |
| Jaarlikse aftrekking vir bydraes tot pensioenfondse | R350 000 | R430 000 |
| Jaarlikse uitsluitings van kapitaalwins of verlies | R40 000 | R50 000 |
| Uitsluiting van kapitaalwins of verlies ten tyde van afsterwe | R300 000 | R440 000 |
| Uitsluiting van kapitaalwins of verlies op die verkoop van primêre woning | R2 000 000 | R3 000 000 |
| Omset van mikro-ondernemings vir omsetbelasting | R1 000 000 | R2 300 000 |
| Verpligte BTW-registrasiebeperking* | R1 000 000 | R2 300 000 |

*Die verandering aan die BTW-registrasiebeperking sal op 1 April 2026 in werking tree.

*Bron: Nasionale Tesourier*

Skandeer dié QR-kode vir die PDF-weergawe van die Publiek se Gids tot die Begroting.

JOU MENING MAAK SAAK

**HET JY DIÉ PUBLIEK SE GIDS TOT DIE BEGROTING NUTTIG GEVIND?**
Ons soek altyd vir nuwe maniere om dié gids te verbeter en sal dit waardeer as jy jou terugvoer en voorstelle na **Media@treasury.gov.za** sal stuur.